## 22 Desember - WOESTYN

**Skrifgedeelte: Openbaring 12:1-12**
**Fokusgedeelte: Openbaring 12:6**

Vanaf Openbaring 12 word die stryd tussen God en Satan meer duidelik beskrywe. Die hele bedeling van Jesus Christus word van vooraf in visioene geteken. Die magstryd teen Christus, sy kerk en die gelowiges ontvou in 'n spanningsvolle drama.

In die visioen vind ons 'n vrou, bekleed met die son, die maan onder haar voete en 12 sterre op haar hoof. Die vrou, die kerk, die bruid van Jesus Christus. Hierdie vrou was swanger. Uit die volk van God sou die Christus kom. Daarom praat vers 2 ook van die uitroep en barensnood, as die volk van God worstel in afwagting op die geboorte van die Messias.

Teenoor die vrou staan die draak. 'n Aaklike gedrog. Vuurrooi, sewe koppe, tien horings en valse krone op die koppe. Nogal 'n stert wat 'n derde van die sterre wegvat en op die aarde neergooi. Dit is 'n magtige, sterk draak. Hierdie draak soek nie die vrou nie, maar die kind wat sy gaan baar.

Die dekor van Jesus Christus se geboorte is stryd. Vyandskap tussen die waarheid en die leuen. Op aarde mag die kerk maar klein en onbelangrik lyk. Die kerk uit die hemelse hoek word egter heerlik beskrywe met die son, maan en sterre as versiering. Die kerk se taak is om God se oorwinning in Christus te verkondig.

Die kind word weggeruk na God en sy troon en die draak slaag nie daarin om die kind te vernietig nie. Nou rig hy hom op die kerk. God bewaar egter sy kerk deur die eeue heen.

Weliswaar is die skuilplek die woestyn. Plek van ontbering en stryd om voort te bestaan. Dit is hoe die kerk vir baie lyk. Ons weet egter nou dat Satan die verloorder is. Sy mag is vir ewig gebreek.

Ons moet dus die geloof behou en die goeie stryd op aarde stry.

*Sing: Psalm 118:6 (1936-beryming)* *Ds CB Swanepoel (Lyttelton)*